

VERWOND TOT VERWONDERING

DIE SEWE OPSTANDINGSWOORDE VAN JESUS

Tema: Sien is glo en glo is sien

Skriflesing: Johannes 20:1-30

Ons het vir 7 weke saam gesels oor die heel eerste woorde wat Jesus uitgespreek het nadat Hy uit die dood opgestaan het. Opvallend van die verhaal in Johannes 20 is hoeveel mense Jesus fisies na sy opstanding gesien het. (Paulus sê in 1 Korintiërs 15:3-7 dat 512 mense Jesus fisies gesien het na sy opstanding).

In ons verhaal kry ons 6 individue en groepe wat Jesus gesien het. Dit is bitter interessant hoe elkeen reageer op wat hulle gesien het.

Reaksie:

1. Maria Magdalena

Sy is die eerste by die graf – sommer toe dit nog nag was. Absoluut toegewyd en toe sy sien die klip is weggerol hardloop sy na die dissipels toe om vir hulle te vertel. Sy word die “eerste getuienis van alle getuienisse”. Sy sien en glo.

2. Petrus

Ons lees in vers 4 dat Johannes vir Petrus weggehardloop het en daar is baie teorieë hieroor. Een wat ek dink ons kan oorweeg is die teorie dat Petrus stadiger gehardloop het omdat hy nog bang was oor wat Jesus van hom sou dink omdat hy hom net die vorige week nog

verloën het. Petrus reageer dus baie versigtig en so bietjie onseker. Maar in vers 6 lees ons dat hy die eerste persoon is wat in die graf ingaan en in vers 8 lees ons dat Petrus glo dat God vir hom lief het al het hy hom verloën. Hy sien en hy glo.

3. Johannes

Hy was eerste by die graf maar gaan nie in nie (vers 5). Hy loer net in en dit is vir hom genoeg. Johannes sien nie letterlik vir Jesus nie, maar sien Jesus in die gewone van elke dag – selfs in die gewone van hoe Jesus sy grafdoeke opgevou het.

4. Soldate

Matteus 28:11-15 vertel vir ons hoe die soldate wat Jesus se graf bewaak het gereageer het op sy opstanding. Hulle gaan na die priesterhoofde en word met geld omgekoop om die lieg storie te versprei dat Jesus se dissipels sy liggaam kom steel het. Hulle kies om nie te glo wat hulle gesien het nie.

5. Dissipels

Hulle is bevrees en gaan kruip weg maar as hulle vir Jesus sien (vers 20) is hulle baie bly.

6. Tomas

Hy was nie by die eerste verskyning van Jesus nie en sê dat hy nie sal glo voor hy nie self gesien het nie. Maar as hy dan vir Jesus sien (vers 28) spreek hy die ongelooflike getuienis uit: “My Here en my God”.

Maar God

Die wonderlike van die verhaal is hoe Jesus elkeen van die mense ontmoet waar hulle is:

- Maria – in 'n tuin – die herstel van Genesis 1.
- Petrus – al het jy my verloën het Ek nog steeds vir jou opgestaan.
- Johannes – Ek is in die alledaagse sigbaar en jy het dit raak gesien.
- Soldate – hartseer dat julle eerstehandse getuies was en niks “gesien” het nie.
- Dissipels – vir julle bevreesde mense stap ek deur mure en gee vrede.
- Tomas – Ek sal my tasbaar en sigbaar vir jou kom wys.

Vandag:

Ons hoor baie dat mense sê om te glo beteken dat jy nie kan sien nie. Uit die Bybel leer ons egter dat sien tog ook glo is. Oor die 500 mense het God gesien – letterlik en fisies. Die Bybel verklaar dus kategorieë dat Jesus werklik, fisies, sigbaar, tasbaar opgestaan het. Die eerste mense na Sy opstanding het Hom gesien en vandag nog “sien” ons Hom!

En dan kom daardie skarnier teks in Johannes 20:29: “Toe sê Jesus vir Tomas: “Glo jy nou omdat jy My sien? Gelukkig is dié wat nie gesien het nie en tog glo.”

Vir die Bybel is beide uitdrukkings dus waar:

Glo is sien en sien is glo!

Vraag aan ons:

Ek glo die teks staan op 2 bene:

1. Die teks kom vra vandag vir elkeen van ons: “Hoe reageer jy op die opstanding van Jesus uit die dood?”. Anders gestel: “Hoe reageer jy op die feit dat jy vir Jesus ‘gesien’ het?” en tweedens
2. Hoor, voel, sien en beleef dat Jesus jou kom ontmoet waar jy jouself vandag in jou geloofslewe bevind.

Ons deel met mekaar

1. Deel met mekaar 'n storie toe jy iets gesien het wat jy net nie kon glo nie waar is nie.
2. Deel met mekaar 'n geleentheid toe jy net geweet het “nou het ek die Here gesien”?
3. Almal in ons verhaal reageer op die feit dat hulle Jesus gesien het na sy opstanding uit die dood. Lees deur die preek blaadjie en deel met mekaar watter individu of groep het gereageer soos jy nou voel jy sal reageer?
4. Jesus gee vir almal ruimte om te reageer soos hulle wil. Deel met mekaar hoe die goeie nuus jou laat voel.
5. Bid vir mekaar dat ons God sal kan sien en glo, en dat ons geloof ons ook sal help om God op die mees onwaarskynlike plekke raak te sien (selfs in opgevoude doodsdoeke).